Horison Sorgsentrum Kollekte en Kersfeespakkies

16 November 2017

Rietvallei het besluit om, buiten die jaarlikse kollekte gelde te oorhandig, ook die kinders en personeel by Horison Sorgsentrum vir oulaas die jaar te bederf met Kerfeespakkies. Vir die kinders is weereens lekkergoed pakkies opgemaak. Die personeel het ook geskenkpakkies gekry met lekkernye vir die Kersgety. Heelwat blikkieskos asook twee sakke tweedehandse klere is ook oorhandig. Die tafels het gekreun met lekkernye en kaaskrulle terwyl die kinders baie opgewonde was. Dit is werklik so kosbaar om daardie vreugde op hulle gesiggies te sien. Moenie die personeel se gesiggies miskyk nie!

Die aangehegte fotobeelde is “selfsprekend” en ja, al staan Wayne op sy knieë bly hy amper langer as Rina!



Rietvallei Streek wens die personeel en elke kosbare kind by Horison Sorgsentrum ‘n baie Geseënde Kersfees toe!

Tjaart Klaasen

Foto’s: Marietjie Klaasen